

Francois Rossouw
RSG 4x4 Klub
Posbus 136051
ALBERTON NOORD
1456

Goeiedag Francois


Hoop julle het 'n veilige reis gehad tot by jul tuis bestemming. Dis lekker om weer by die huis te wees met 'n kop wat skoon is. 'n Mens sien sommer kans om enigiets aan te pak.

Ek en Lalie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om vir julle te bedank vir die wonderlike tyd met die Weskus Toer. Baie dankie vir die besondere beplanning en gasvryheid van julle kant af. Dit was vir ons 'n ongelooflike ervaring en sal dit definitief weer doen. Hopelik nie te vêr in die toekoms in nie.

Ek stuur vir jou 'n uittreksel van die koerantberig toe julle op Moolmanshoek was. Ek wou dit vir jou e-mail maar dit kom te swak uit.

Nogmaals baie dankie vir alles.

Groetnis


André en Lalie Mentz